



# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.  
Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.  
Published by Authority.

1/- Vrydag, 15 April 1932. WINDHOEK Friday, 15th April, 1932. No. 462

## INHOUD.

	<i>Bladsy</i>
<b>Goewermentskennisgewings —</b>	
No. 76. Windhoekse Stedelike Gebied: Beperkings van betreding deur Naturelle . . . . .	7898
No. 77. Landstreek in die distrik Windhoek as 'n Naturellerreservaat afgesonder: Aukeigas Naturellerreservaat . . . . .	7898
No. 78. Skut te Sukses No. 172, distrik Otjiwarongo: Oprigting van, ens. . . . .	7898
No. 79. Klerk van die Hof, Keetmanshoop: Aanstelling as . . . . .	7899
No. 80. Rondgaande Howe: Verdeling in rondgangdistrikte en datums, ens., waarin en waarop hofsittings gehou sal word . . . . .	7899
<b>Algemene Kennisgewings —</b>	
No. 17. Lys van Maatskappye geregistreer gedurende Maart 1932 . . . . .	7899
No. 18. Grond geleë in die distrik Gobabis, vir spoorwegdoeleindes gereserveer . . . . .	7899
No. 19. Grond geleë in die distrik Gobabis, vir poliesiedoeleindes gereserveer . . . . .	7900
No. 20. Grond geleë in die distrik Keetmanshoop, vir poliesiedoeleindes gereserveer . . . . .	7900
No. 21. Grond geleë in die distrik Keetmanshoop, vir skooldoeleindes gereserveer . . . . .	7900
No. 22. Grond geleë in die distrik Gobabis, vir skooldoeleindes gereserveer . . . . .	7900
No. 23. Staat van Inkomste wat ontvang is gedurende die twaalf maande eindigende 31 Maart 1932: Staat van Uitgawe van Inkomste en staat van Leningsuitgawes . . . . .	7900
<b>Advertensies —</b>	
Boedelkennisgewings, ens., ens. . . . .	7903

## CONTENTS.

	<i>Page.</i>
<b>Government Notices —</b>	
No. 76. Windhoek Urban Area: Restrictions on entry of Natives . . . . .	7898
No. 77. Land set aside as a Native Reserve, district of Windhoek: Aukeigas Native Reserve . . . . .	7898
No. 78. Pound at Sukses No. 172, district of Otjiwarongo: Establishment of, etc. . . . .	7898
No. 79. Clerk of the Court, Keetmanshoop: Appointment as . . . . .	7899
No. 80. Circuit Courts: Division into Circuit Districts and dates, etc., of holding . . . . .	7899
<b>General Notices —</b>	
No. 17. List of companies registered during March, 1932 . . . . .	7899
No. 18. Land reserved for Railway purposes, district of Gobabis . . . . .	7899
No. 19. Land reserved for Police purposes, district of Gobabis . . . . .	7900
No. 20. Land reserved for Police purposes, district of Keetmanshoop . . . . .	7900
No. 21. Land reserved for School purposes, district of Keetmanshoop . . . . .	7900
No. 22. Land reserved for School purposes, district of Gobabis . . . . .	7900
No. 23. Statement of Revenue collected during the twelve months ended 31st March, 1932: Statement of Expenditure from Revenue, and statement of Loan Expenditure . . . . .	7900
<b>Advertisements —</b>	
Estate Notices, etc., etc. . . . .	7903

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

H. P. SMIT,  
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Administrateurskantoor,  
Windhoek.

No. 76.]

[12 April 1932.

### WINDHOEKSE STEDELIKE GEBIED: BEPERKINGS VAN BETREDING DEUR NATURELLE.

Kragtens en uit hoofde van die bevoegdheid my verleen by artikel ses van "De Naturellen (Stedelike Gebiede) Proklamasie 1924" (Proklamasie No. 34 van 1924), soos gewysig by artikel drie van die Naturelle (Stedelike Gebiede) Wysigingsproklamasie 1932 (Proklamasie No. 4 van 1932), proklameer, verklaar en maak ek bekend dat vanaf en na die 15de dag van April 1932, geen naturel die Stedelike Gebied van Windhoek mag betree nie vir die doel om werk te soek of te onderneem of om hom daarin metterwoon te vestig, tensy een of ander van die volgende voorwaardes vervul is:—

- (1) sodanige naturel vir werk in die stedelike gebied geëmplojeer is en sodanige werk gaan aanvaar;
- (2) die Assistent-Naturellekommissaris na rugspraak met die Munisipaliteit van Windhoek bereid is, met die oog op die asdan bestaande arbeidstoestande in die stedelike gebied, om aan sodanige naturel 'n permit uit te reik om werk onder die regulasies vir die geproklameerde kring van Windhoek te soek;
- (3) sodanige naturel van die Assistent-Naturellekommissaris 'n permit gekry het, om vir 'n beperkte tydperk in die stedelike gebied te gaan kuier;

Met die verstande dat enige naturel wie se aplikasie om die stedelike gebied te betree geweier is, aan die Hoof-Naturellekommissaris kan appeleer, wat sodanige bevele kan gee as hy doelmatig mag ag. Die beslissing van die Hoof-Naturellekommissaris is finaal.

No. 77.]

[12 April 1932.

### NATURELLERESERVAAT AUKEIGAS.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en uit hoofde van die bevoegdheid hom verleen by artikel sestiën van "De Naturellen Administrasie Proklamasie 1922" (Proklamasie No. 11 van 1922), die landstreek in die Distrik Windhoek, omtrent 10862 hektare groot en omvattende die volgende plase:

AUKEIGAS No. 34  
FURSTENWALDE No. 35.

as 'n naturelleservaat onder die naam Aukeigas Naturelleservaat af te sonder.

No. 78.]

[12 April 1932.

### SKUT TE SUKSES NO. 172, DISTRIK OTJIWARONGO: OPRIGTING VAN, ENS.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel twee van Proklamasie No. 5 van 1917, die oprigting van 'n skut te Sukces No. 172, distrik Otjiwarongo, en die benoeming van Mnr. FRIEDRICH ALBERT MEYER tot skutmeester daarvan, ingaande vanaf 1 Februarie 1932, goed te keur.

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

H. P. SMIT,  
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,  
Windhoek.

No. 76.]

[12th April, 1932.

### WINDHOEK URBAN AREA: RESTRICTIONS ON ENTRY OF NATIVES.

Under and by virtue of the powers vested in me by section six of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), as amended by section three of the Natives (Urban Areas) Amendment Proclamation, 1932 (Proclamation No. 4 of 1932), I do hereby proclaim, declare and make known that from and after the 15th day of April, 1932, no native shall enter the Urban Area of Windhoek for the purpose of seeking or undertaking employment or of residing therein unless one or other of the following conditions has been fulfilled:—

- (1) such native has been engaged for employment in the urban area and is proceeding to take up such employment;
- (2) the Assistant Native Commissioner after consultation with the Municipality of Windhoek is prepared, in view of the labour conditions then existing in the urban area to issue to such native a permit to seek work under the regulations for the proclaimed area of Windhoek;
- (3) such native has obtained from the Assistant Native Commissioner a permit to visit within the urban area for a limited period;

Provided that any native whose application to enter the urban area has been refused may appeal to the Chief Native Commissioner who may give such directions as he may deem fit. The decision of the Chief Native Commissioner shall be final.

No. 77.]

[12th April, 1932.

### AUKEIGAS NATIVE RESERVE.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by Section sixteen of the Native Administration Proclamation, 1922 (Proclamation No. 11 of 1922), to set aside as a Native Reserve under the name of the Aukeigas Native Reserve, the area of land in the district of Windhoek, measuring approximately 10862 hectares and comprising the following farms:—

AUKEIGAS No. 34  
FURSTENWALDE No. 35.

No. 78.]

[12th April, 1932.

### POUND AT SUKSES NO. 172, DISTRICT OF OTJIWARONGO: ESTABLISHMENT OF, ETC.

The Administrator has been pleased in terms of section two of Proclamation No. 5 of 1917, to authorise the establishment of a Pound at Sukces No. 172, district of Otjiwarongo, and the appointment of FRIEDRICH ALBERT MEYER, Esquire, as Poundmaster thereof, with effect from the 1st February, 1932.

No. 79.]

[12 April 1932.

Die volgende aanstelling as Klerk van die Hof is goedgekeur:—

KEETMANSHOOP: ADRIAN JOHN HENDRIK HOFMEYR met ingang vanaf 17 Februarie 1932 in die plek van Mnr. D. J. Stewart wat op verlof is.

No. 80.]

[12 April 1932.

RONDGAANDE HOWE.

Ingevolge en kragtens die bevoegdheede verleen deur artikels twee en drie van "De Verdere Rechtsbedelings Proklamatie 1920" het die Administrateur die Grondgebied van Suidwes-Afrika in die volgende rondgangdistrikte verdeel:—

- (1) *Noordelike Rondgangdistrik*, bevattende die magistraatsdistrikte Grootfontein, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo en Ovamboland.
- (2) *Sentrale Rondgangdistrik*, bevattende die magistraatsdistrikte Gobabis, Karibib, Okahandja, Rehoboth, Swakopmund en Windhoek.
- (3) *Suidelike Rondgangdistrik No. 1*, bevattende die magistraatsdistrikte Gibeon en Maltahohe.
- (4) *Suidelike Rondgangdistrik No. 2*, bevattende die magistraatsdistrikte Aroab, Bethanie, Keetmanshoop, Luderitz en Warmbad,

en het aangekondig dat die Rondgaande Howe gehou sal word op die dorpe en op die dae en op die tye, soos vasgestel in die Bylae hiervan, met die verstande dat, ingeval die Regter deur enige onvoorsiene ophouding verhinder word om die Rondgaande Hof op enige van die vermelde plekke op die dag vir die doel vasgestel te open, sodanige Rondgaande Hof op die dag, waarop die Regter op sodanige plek aankom of so spoedig daarna as geleë is, geopen sal word.

BYLAE.

Vir die *Noordelike Rondgangdistrik* te Omaruru op Dinsdag, 3 Mei 1932, om 10 uur v.m.

Vir die *Sentrale Rondgangdistrik* te Windhoek op Maandag, 16 Mei 1932, om 10 uur v.m.

Vir die *Suidelike Rondgangdistrik No. 1* te Mariental op Woensdag, 1 Junie 1932, om 10 uur v.m.

Vir die *Suidelike Rondgangdistrik No. 2* te Keetmanshoop op Woensdag, 8 Junie 1932, om 11 uur v.m.

**Algemene Kennisgewings.**

(No. 17 van 1932.)

Die volgende besonderhede in verband met die registrasie van Maatskappye word vir algemene informasie gepubliseer.

P. S. LAMBRECHTS,  
Registrateur van Maatskappye.

Registrasiekantoor van Aktes,  
Windhoek,  
2 April 1932.

**KENNISGEWING VAN VERMINDERING VAN KAPITAAL. — NOTICE OF REDUCTION OF CAPITAL.**

No.	Naam van Maatskappy Name of Company	Adres Address	Datum van Registrasie Date of Registration	Verminderd van Reduced from
55	Konsum Vereen (Tsumeb) Limited	Erf No. 59, Tsumeb	8.3.1932	£ 1 288.— na/to £ 898.—

(No. 18 van 1932.)

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 12 (3) van die Kroongrond Beskikkings Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig en op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas, Gedeelte A van die plaas AUSTIN No. 310, geleë in die distrik Gobabis, vir spoorwegdoeleindes gereserveer is.

No. 79.]

[12th April, 1932.

The following appointment as Clerk of the Court has been approved:—

KEETMANSHOOP: ADRIAN JOHN HENDRIK HOFMEYR with effect from the 17th February, 1932, vice Mr. D. J. Stewart on leave.

No. 80.]

[12th April, 1932.

CIRCUIT COURTS.

Under and by virtue of the powers conferred by Sections two and three of the Further Administration of Justice Proclamation, 1920, the Administrator has divided the Territory of South West Africa into the following Circuit Districts:—

- (1) *Northern Circuit District* comprising the Magisterial Districts of Grootfontein, Omaruru, Otjiwarongo, Outjo and Ovamboland.
- (2) *Central Circuit District* comprising the Magisterial Districts of Gobabis, Karibib, Okahandja, Rehoboth, Swakopmund and Windhoek.
- (3) *Southern Circuit District No. 1* comprising the Magisterial Districts of Gibeon and Maltahohe.
- (4) *Southern Circuit District No. 2* comprising the Magisterial Districts of Aroab, Bethanie, Keetmanshoop, Luderitz and Warmbad,

and has directed that Circuit Courts shall be held in the towns and on the days and at the times set forth in the Schedule hereto, provided that in the event of the Judge being prevented by any unforeseen cause of delay from opening the Circuit Court at any of the said places on the day fixed for that purpose, such Circuit Court shall be opened on the day on which the Judge shall arrive at such place or as soon thereafter as conveniently may be.

SCHEDULE.

For the *Northern Circuit District* at Omaruru on Tuesday, the 3rd May, 1932, at 10.0 a.m.

For the *Central Circuit District* at Windhoek on Monday, the 16th May, 1932, at 10.0 a.m.

For the *Southern Circuit District No. 1* at Mariental on Wednesday, the 1st June, 1932, at 10.0 a.m.

For the *Southern Circuit District No. 2* at Keetmanshoop on Wednesday, the 8th June, 1932, at 11.0 a.m.

**General Notices.**

(No. 17 of 1932.)

The following particulars in regard to the registration of Companies are published for general information.

P. S. LAMBRECHTS,  
Registrar of Companies.

Deeds Registry,  
Windhoek,  
2nd April, 1932.

(No. 18 of 1932.)

It is hereby notified for general information that in terms of section 12 (3) of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, Portion A of the farm AUSTIN No. 310, situate in the district of Gobabis, has been reserved for railway purposes.

(No. 19 van 1932.)

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 12 (2) van die Kroongrond Beskikkings Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig en op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas, Gedeelte B van die plaas PRETORIUS No. 15, geleë in die distrik Gobabis, vir Poliesiedoeleindes gereserveer is.

(No. 19 of 1932.)

It is hereby notified for general information that in terms of Section 12 (2) of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, Portion B of the farm PRETORIUS No. 15, situate in the district of Gobabis, has been reserved for Police purposes.

(No. 20 van 1932.)

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 12 (2) van die Kroongrond Beskikkings Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig en op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas, Gedeelte B van die plaas NARUBIS No. 57, geleë in die distrik Keetmanshoop, vir Poliesiedoeleindes gereserveer is.

(No. 20 of 1932.)

It is hereby notified for general information that in terms of Section 12 (2) of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, Portion B of the farm NARUBIS No. 57, situate in the district of Keetmanshoop, has been reserved for Police purposes.

(No. 21 van 1932.)

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 12 (6) van die Kroongrond Beskikkings Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig en op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas, Gedeelte C van die plaas NARUBIS No. 57, geleë in die distrik Keetmanshoop, vir skooldoeleindes gereserveer is.

(No. 21 of 1932.)

It is hereby notified for general information that in terms of Section 12 (6) of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, Portion C of the farm NARUBIS No. 57, situate in the district of Keetmanshoop, has been reserved for School purposes.

(No. 22 van 1932.)

Dit word hierby vir algemene informasie bekend gemaak dat, ooreenkomstig artikel 12 (6) van die Kroongrond Beskikkings Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig en op die Gebied Suidwes-Afrika toegepas, Gedeelte C van die plaas PRETORIUS No. 15, geleë in die distrik Gobabis, vir skooldoeleindes gereserveer is.

(No. 22 of 1932.)

It is hereby notified for general information that in terms of Section 12 (6) of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, Portion C of the farm PRETORIUS No. 15, situate in the district of Gobabis, has been reserved for School purposes.

(No. 23 van 1932.)

STAAT VAN INKOMSTE ONTVANG GEDURENDE DIE TWAALF MAANDE EINDIGENDE OP 31 MAART 1932.  
DIE BEDRAE GEÏN GEDURENDE MAART IS REEDS BERAAM.

RUBRIEK VAN INKOMSTE.	Begroting 1931/1932.	Bedrae, Elf maande eindigen- de 29 Febr. 1932	Beraamde bedrae geïn Maart 1932.
	£	£	£
Doeane en Aksyns . . . . .	210,000	96,616	13,758
Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese . . . . .	100,000	66,494	10,982
<i>Mynwinste:</i>			
Diamantbelasting . . . . .	75,000	56,735	25,311
Hereaandele, ens. . . . .	3,000	2,183	—
Prospekteer- en Kleimlisensies . . . . .	9,000	6,574	53
<i>Lisensies:</i>			
Drank, Handel, ens. . . . .	85,000	56,873	1,000
Vermaaklikheids-belasting . . . . .	3,000	1,922	150
Sigarette-verkoopsbelasting . . . . .	—	5,815	794
Seëlregte en Fooie . . . . .	20,000	12,764	1,050
Boedel- en Hereregte . . . . .	13,000	8,178	600
Grondinkomste . . . . .	20,000	18,407	593
Huur van Regeringseiendomme . . . . .	18,000	16,469	1,500
Rente . . . . .	60,000	39,178	29,500
Boete en Verbeurdverklarings . . . . .	8,000	4,909	300
Departementele Ontvangste . . . . .	40,000	32,121	1,500
Naturelle-Pasfooie . . . . .	4,000	3,671	200
Wielbelasting . . . . .	9,000	7,596	54
Diverse Inkomste . . . . .	13,900	12,160	300
<b>TOTAAL</b>	<b>690,900</b>	<b>448,665</b>	<b>87,645</b>
	Min vereffening van die Diamant Suspensie-Rekening . . . . .		62,646
			<b>24,999</b>

*Buitengewone Inkomste:*

	£	£	£
Terugbetaling van oorbetalings aan Koöperatiewe Maatskappye . . . . .		4,604	—
Paaieente van Koopprys . . . . .		16,586	600
Voorskotte — Kapitaal . . . . .		7,144	200
Duitse Landverkopings . . . . .	65,000	1,292	—
Terugbetalings van Lenings vir Boorgate . . . . .		24,143	900
Munisipale Lenings — Kapitaal . . . . .		2,094	1,700
Terugbetalings van Lenings — Landbank . . . . .		128	—
<b>GROOT TOTAAL</b>	<b>£755,900</b>	<b>504,656</b>	<b>28,399</b>

FINANSIELE JAAR 1931—1932.

STAAT VAN UITGAWE VAN INKOMSTE.

DIENS.	Begroting van Uitgawe 1931— 1932.	Uitgawe tot 29.2.32.	Beraamde Uitgawe tot 31.3.32.
	£	£	£
1. Administrasie . . . . .	76,299	58,088	71,500
2. Wetgewende Vergadering . . . . .	9,130	6,414	7,000
3. Landbou . . . . .	25,890	18,376	21,600
4. Ouditeursafdeling . . . . .	3,170	2,453	2,700
5. Doeane en Aksyns . . . . .	6,270	5,542	6,140
6. Verdediging . . . . .	750	108	108
7. Onderwys . . . . .	150,580	118,640	130,000
8. Werke . . . . .	80,198	55,183	59,069
9. Regspiegling . . . . .	47,195	37,699	41,200
10. Lande, Registrasie en Opmetings . . . . .	17,885	13,395	15,000
11. Mynwese . . . . .	6,620	5,247	5,750
12. Naturellesake . . . . .	20,130	14,201	16,550
13. Pensioene en Gratifikasies . . . . .	19,500	17,633	23,750
14. Pos- en Telegraafwese . . . . .	73,410	(Jan.) 50,855	60,802
15. Gevangnisse en Verbeteringsgestigte . . . . .	17,920	15,820	17,220
16. Rente en Aflossingskoste . . . . .	109,565	100,151	116,850
17. Volksgesondheid . . . . .	25,080	20,556	24,077
18. Suidwes-Afrikaanse Poliesie . . . . .	135,530	114,200	124,000
<b>TOTAAL</b>	<b>£825,122</b>	<b>654,561</b>	<b>743,316</b>

STAAT VAN LENINGSUITGAWES.

A. Geboue, ens. . . . .	35,706	12,037	15,077
B. Landbank . . . . .	209,000	143,000	177,000
C. Lande . . . . .			
(1) Voorskotte aan Setlaars . . . £50,000		47,659	50,201
(2) Koop van grond . . . . . 40,000		23,272	31,272
	90,000	70,931	81,473
E. Boor vir Water . . . . .	75,000	35,002	40,302
F. Telegraaf- en Telefoonuitbreidings en Vernuwings . . . . .	16,000	10,879	11,302
G. Lenings aan Plaaslike Besture: . . . . .	60,000	1,650	9,150
Avisdam . . . . .		49,617	52,672
H. Goewermentsopmetings . . . . .	2,500	1,000	1,152
J. Dambou . . . . .	20,000	—	375
K. Lenigingslenings . . . . .	100,000	29,428	29,550
<b>TOTAAL</b>	<b>£608,206</b>	<b>353,544</b>	<b>418,053</b>
Totale uitgawe uit Inkomste . . . . .	£825,122	654,561	743,316
Totale uitgawe uit Leningsfondse . . . . .	608,206	353,544	418,053
<b>GROOT TOTAAL</b>	<b>£1,433,328</b>	<b>1,008,105</b>	<b>1,161,369</b>

(No. 23 of 1932.)

## STATEMENT OF REVENUE COLLECTED DURING THE TWELVE MONTHS ENDING 31st MARCH, 1932, THE COLLECTIONS FOR MARCH HAVING BEEN ESTIMATED.

HEAD OF REVENUE.	Estimates 1931/1932	Collections for the eleven months ended 29th Febr., 1932.	Estimated Collections for March, 1932.
	£	£	£
Customs and Excise . . . . .	210,000	96,616	13,758
Posts, Telegraphs and Telephones . . . . .	100,000	66,494	10,982
<i>Mining Profits and Royalties:</i>			
Diamond Tax . . . . .	75,000	56,735	25,311
Royalties . . . . .	3,000	2,183	—
Prospecting and Claim Licences . . . . .	9,000	6,574	53
<i>Licences:</i>			
Trading and Liquor . . . . .	85,000	56,873	1,000
Entertainment Tax . . . . .	3,000	1,922	150
Cigarette Sales Tax . . . . .	—	5,815	794
Stamp Duties and Fees . . . . .	20,000	12,764	1,050
Estate and Transfer Duty . . . . .	13,000	8,178	600
Land Revenue . . . . .	20,000	18,407	593
Rents of Government Property . . . . .	18,000	16,469	1,500
Interest . . . . .	60,000	39,178	29,500
Fines and Forfeitures . . . . .	8,000	4,909	300
Departmental Receipts . . . . .	40,000	32,121	1,500
Native Pass Fees . . . . .	4,000	3,671	200
Wheel Tax . . . . .	9,000	7,596	54
Miscellaneous . . . . .	13,900	12,160	300
TOTAL	690,900	448,665	87,645
	Less adjustment of the Diamond Suspense A/C . . . . .		62,646
			24,999
<i>Extraordinary Revenue:</i>			
Refund overpayment to Co-operative Societies . . . . .		4,604	—
Purchase Price Instalments . . . . .		16,586	600
Advances — Capital . . . . .		7,144	200
German Land Sales . . . . .	65,000	1,292	—
Boring Loan Recoveries . . . . .		24,143	900
Municipal Loans — Capital . . . . .		2,094	1,700
Loan Recoveries — Land Bank . . . . .		128	—
GRAND TOTAL . . . . .	£755,900	504,656	28,399

## FINANCIAL YEAR 1931—1932.

## EXPENDITURE FROM REVENUE.

SERVICE.	Estimate of Expenditure 1931—1932.	Expenditure to 29.2.32.	Approximate Expenditure to 31.3.32.
	£	£	£
1. Administration . . . . .	76,299	58,088	71,500
2. Legislative Assembly . . . . .	9,130	6,414	7,000
3. Agriculture . . . . .	25,890	18,376	21,600
4. Audit . . . . .	3,170	2,453	2,700
5. Customs and Excise . . . . .	6,270	5,542	6,140
6. Defence . . . . .	750	108	108
7. Education . . . . .	150,580	118,640	130,000
8. Works . . . . .	80,198	55,183	59,069
9. Administration of Justice . . . . .	47,195	37,699	41,200
10. Lands, Deeds and Surveys . . . . .	17,885	13,395	15,000
11. Mines . . . . .	6,620	5,247	5,750
12. Native Affairs . . . . .	20,130	14,201	16,550
13. Pensions and Gratuities . . . . .	19,500	17,633	23,750
14. Posts and Telegraphs . . . . .	73,410	(Jan.) 50,855	60,802
15. Prisons and Reformatories . . . . .	17,920	15,820	17,220
16. Interest and Redemption Charges . . . . .	109,565	100,151	116,850
17. Public Health . . . . .	25,080	20,556	24,077
18. South West Africa Police . . . . .	135,530	114,200	124,000
TOTAL . . . . .	£825,122	654,561	743,316

EXPENDITURE FROM LOAN FUNDS.

	£	£	£
A. Buildings . . . . .	35,706	12,037	15,077
B. Land Bank . . . . .	209,000	143,000	177,000
C. Lands . . . . .			
(1) Advances to Settlers . . . . . £50,000		47,659	50,201
(2) Purchase of Land . . . . . 40,000		23,272	31,272
	90,000	70,931	81,473
E. Water Boring . . . . .	75,000	35,002	40,302
F. Telegraph and Telephone Extension and Renewals . . . . .	16,000	10,879	11,302
G. Loans to Local Authorities . . . . .	60,000	1,650	9,150
Avis dam Suspense . . . . .		49,617	52,672
H. Government Surveys . . . . .	2,500	1,000	1,152
J. Dam Construction . . . . .	20,000	—	375
K. Relief Loans . . . . .	100,000	29,428	29,550
<b>TOTAL . . . . .</b>	<b>£608,206</b>	<b>353,544</b>	<b>418,053</b>
Total Expenditure from Revenue . . . . .	£825,122	654,561	743,316
Total Expenditure from Loans . . . . .	608,206	353,544	418,053
<b>GRAND TOTAL . . . . .</b>	<b>£1,433,328</b>	<b>1,008,105</b>	<b>1,161,369</b>

**Advertensies.**

**Advertisements.**

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

1. Die *Offisiële Koerant* sal op die 1ste en 15de van elke maand verskyn; ingeval een van hierdie dae op 'n Sondag of Publieke Feesdag val, dan verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.
2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn ingehandig word aan die kantoor van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika (Kamer 46, Regerings-Geboue, Windhoek), nie later as 4.30 n.m. op die neënde dag voor die datum van verskyning van die *Offisiële Koerant* waarin die advertensies moet geplaas word nie.
3. Advertensies word in die *Offisiële Koerant* geplaas agter die offisiële gedeelte, of in 'n ekstra blad van die *Koerant*, soos die Sekretaris mag goedvind.
4. Advertensies word in die *Offisiële Koerant* gepubliseer in die Engelse, Afrikaanse en Duitse tale; die nodige vertalings moet deur die adverteerder of sy agent gelewer word. Dit moet onthou word dat die Duitse teks van die *Offisiële Koerant* slegs 'n vertaling is, en nie die geoutoriseerde uitgawe is nie.
5. Slegs wetsadvertensies word aangeneem vir publikasie in die *Offisiële Koerant*, en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.
6. Advertensies moet sover as moontlik op die masjien geskryf wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word, en alle name moet duidelik wees; ingeval 'n naam ingevolge onduidelike handskrif foutief gedruk word, dan kan die advertensies slegs dan weer gedruk word as die koste van 'n nuwe opname betaal word.
7. Die jaarlikse intekengeld vir die *Offisiële Koerant* is 20/-, posvry in hierdie Gebied en die Unie van Suid-Afrika, verkrygbaar van die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek. Posgeld moet vooruit betaal word deur oorseese intekenaars. Enkele eksimplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar of van die here John Meinert, Bpk., Posbus 56, Windhoek, of van die Sekretaris vir Suidwes-Afrika teen die prys van 1/- per eksimplaar.
8. Die koste vir die opname van advertensies, behalwe die kennisgewings, wat in die volgende paragraaf genoem is, is teen die tarief van 7/6 per duim enkel kolom, en 15/- per duim dubbel kolom, herhalings teen half prys. (Gedeeltes van 'n duim moet as 'n volle duim bereken word).
9. Kennisgewings aan krediteure en debiteure in die boedels van oorlede persone, en kennisgewings van eksekuteurs betreffende likwidasie-rekenings, wat vir inspeksie lê, word in skedule-vorm gepubliseer teen 12/- per boedel.
10. Geen advertensie sal geplaas word nie, tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- of geldorders moet betaalbaar gemaak word aan die Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.
2. Advertisements for insertion in the *Gazette* must be delivered at the office of the Secretary for South West Africa (Room 46, Government Buildings, Windhoek) in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the ninth day before the date of publication of the *Gazette* in which they are to be inserted.
3. Advertisements will be inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement to the *Gazette* at the discretion of the Secretary.
4. Advertisements will be published in the *Official Gazette* in the English, Dutch or German languages; the necessary translations must be furnished by the advertiser or his agent. It should be borne in mind however, that the German version of the *Gazette* is a translation only and not the authorised issue.
5. Only legal advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who can refuse to accept or decline further publication of any advertisement.
6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.
7. The Subscription for the *Official Gazette* is 20/- per annum, post free in this Territory and the Union of South Africa obtainable from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by Overseas subscribers. Single copies of the *Gazette* may be obtained either from Messrs. John Meinert Ltd., Box 56, Windhoek, or from the Secretary for South West Africa at the price of 1/- per copy.
8. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in the succeeding paragraph is at the rate of 7/6 per inch single column and 15/- per inch double column, repeats half price. (Fractions of an inch to be reckoned an inch.)
9. Notices to Creditors and Debtors in the estates of deceased persons and notices of executors concerning liquidation accounts lying for inspection, are published in schedule form at 12/- per estate.
10. No advertisement will be inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

**KENNISGEWING VAN KURATORS EN BOEDELBEREDDERAARS.** Ingevolge artikel *neën-en-neëntig*, onderartikel (2) van die Insolvensiewet 1916, soos op Suidwes-Afrika toegepas.

Aangesien die likwidasierekenings en state van distribusie of/en kontribusie in die afgestane of gesekwestreerde boedels vermeld in die onderstaande Bylae op die daarin genoemde datums bekragtig is, word hiermee kennis gegee dat 'n diwident uitgekeer of/en 'n kontribusie in vermelde boedels ingevorder sal word, soos uiteengesit in die Bylae, en dat elke kontribusiepligtige skuldeiser die deur hom verskuldigde bedrag aan die kurator of boedelberedderaar by die adres in die Bylae genoem, moet betaal.

**NOTICES OF TRUSTEES AND ASSIGNEES.** Pursuant to Section *ninety-nine*, Sub-section (2), of the Insolvency Act, 1916, as applied to South West Africa.

The liquidation accounts and plans of distribution or/and contribution in the Assigned or Sequestrated Estates mentioned in the subjoined Schedule having been confirmed on the dates therein mentioned, notice is hereby given that a dividend is in course of payment or/and a contribution in course of collection in the said Estates as in the Schedule is set forth, and that every creditor liable to contribute is required to pay the trustee or assignee the amount for which he is liable at the address mentioned in the Schedule.

Form No. 7.—Formulier No. 7.

**BYLAE — SCHEDULE.**

No. van Boedel No. of Estate	Naam en Beskrywing van Boedel Name and Description of Estate	Datum waarop Rekening bekragtig is Date when Account Confirmed	Of 'n diwident uitgekeer word of 'n kontribusie ingevorder word of beide Whether a Dividend is being paid or Contribution being collected, or both	Naam van Kurator of Boedelberedderaar Name of Trustee or Assignee	Volledige Adres van Kurator of Boedelberedderaar Full Address of Trustee or Assignee
270	Insolvent Estate of Hubert John Nichols, a general dealer of Rehoboth	1/4/32	Dividend is being paid	Erich Worms	B. O. Box 18, Windhoek
334	Insolvent Estate of Paul Goettert	5/4/32	Dividend being paid and contribution collected	A. Gelb	Main Str., Okahandja

**MEESTER SE KENNISGEWING OOREENKOMSTIG ARTIEKEL 119, ONDERARTIEKEL (3) VAN DIE MAATSKAPPY ORDONNANSIE NO. 19 VAN 1928.**

KENNIS word hiermee gegee dat HERMANN & CO. G.m.b.H. onder finale likwidasie op bevel van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, gedateer 4 April 1932, op aansoek van PHILIP KATZ, geplaas is.

JACS. P. LE ROUX ESTERHUYSEN,  
Meester van die Hooggeregshof.

**MASTER'S NOTICE PURSUANT TO SECTION 119, SUBSECTION (3) OF THE COMPANIES ORDINANCE No. 19 of 1928.**

NOTICE is hereby given that HERMANN & CO. G.m.b.H. has been placed under a final Winding-up Order by Order of the High Court of South West Africa, dated 4th April, 1932, upon the application of PHILIP KATZ.

JACS. P. LE R. ESTERHUYSEN,  
Master of the High Court.

**KENNISGEWING VAN BYEENKOMSTE VAN KREDITEURE EN KONTRIBUANTE OOREENKOMSTIG ARTIEKEL 125 VAN DIE MAATSKAPPY ORDONNANSIE 1928.**

In sake HERMANN & CO. G.m.b.H., in likwidasie.

KENNIS word hiermee gegee aan al die persone wat Krediteure of Kontribuante is van HERMANN & CO. G.m.b.H. dat afsonderlike vergaderings vir krediteure en kontribuante gehou sal word onder voorsitterskap van die Meester van die Hooggeregshof, Windhoek, op Saterdag, 30 April 1932, die vergadering van krediteure om 10 uur presies in die voormiddag en die vergadering van kontribuante dadelik daarna, vir die doel om 'n likwidateur te kies om 'n verdeling te maak van sekere gelde in die Voogdyfonds ten gunste van die gesegde Hermann & Co. G.m.b.H. ge-deponeer.

JACS. P. LE ROUX ESTERHUYSEN,  
Meester van die Hooggeregshof.

**NOTICE OF MEETINGS OF CREDITORS AND CONTRIBUTORIES PURSUANT TO SECTION 125 OF THE COMPANIES ORDINANCE, 1928.**

In the matter of HERMANN & CO. G.m.b.H., in liquidation.

NOTICE is hereby given to all persons being Creditors or Contributories of HERMANN & CO. G.m.b.H., that separate meetings of Creditors and Contributories will be held before the Master of the High Court, Windhoek, on Saturday, the 30th April, 1932, the meeting of creditors at 10 o'clock in the forenoon precisely, and the meeting of contributories immediately thereafter, for the purpose of electing a liquidator to distribute certain monies deposited in the Guardian's Fund to the credit of the said Hermann & Co. G.m.b.H.

JACS. P. LE ROUX ESTERHUYSEN,  
Master of the High Court.

**SWORN APPRAISER.**

**CERTIFICATE OF APPOINTMENT.**

By virtue of the authority vested in me by Section 10 of the Administration of Estates Act, 1913, I have appointed  
HANS LOHSE, Esquire,  
of Windhoek, P.O. Box 562, to act as Sworn Appraiser for the District of Windhoek.

J. P. LE ROUX ESTERHUYSEN,  
Master of the High Court.

Office of the Master  
of the High Court of South West Africa,  
Windhoek,  
this sixth day of April, 1932.

**NOTICE OF SURRENDER.**

